higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

(10040052)

13 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

140Q1N2413

Copyright reserved

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

VRAAG 1

1.1 Die meeste logikahekke neem twee of meer toevoere van binêre waardes en produseer een afvoer met ‘n waarde van ‘1’ of ‘0’.

Onderskei tussen die terme *toevoer* en *afvoer*. (2 × 2) (4)

1.2 Verduidelik die funksies van die volgende tipes hekke.

1.2.1 OF

1.2.2 NEN

1.2.3 NIE

(3 × 2) (6)

1.3 Gebruik jou eie woorde om te verduidelik hoekom rekenaars die binêre stelsel gebruik. (3 × 1) (3)

1.4 Waarvoor staan die akroniem MBB (‘LSB’)? (1)

1.5 Maak ‘n skets om die verskil tussen gekoppelde draad en ‘n nie-gekoppelde draad te toon. (2 × 2) (4)

1.6 Teken die logikahek-IEC-simbool van die volgende Boole-uitdrukkings.

1.6.1 $Z = A \,.\, B$

1.6.2 $Z = \bar{A}$

1.6.3 $Z = A + B$

1.6.4 $Z = \overline{A.B}$

1.6.5 $Z = \overline{A + B}$

(5 × 1) (5)

1.7 Skakel die volgende desimale uitdrukking hier onder om na die binêre getalstelsel en doen die berekening in binêre kode. Los die antwoord in binêre kode.

1.7.1 37_{10} (2 × 1) (2)

1.7.2 $72_{10} + 181_{10}$ (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die funksie van ‘n moederbord in ‘n rekenaar. (5 × 1) (5)

2.2 Noem VYF toestelle wat aan die moederbord monteer word. (5 × 1) (5)

2.3 Analoë rekenaars en digitale rekenaars het elkeen hul eie sterk punte en toepassings.

Stel ‘n tabel op om tussen ‘n analoogrekenaar en ‘n digitale rekenaar te onderskei, onder die volgende kategorieë: Werking, Spoed en Akkuraatheid, Koste en Kompleksiteit. (3 + 3) (6)

2.4 Noem DRIE voordele daarvan om ‘n hibriede rekenaar te gebruik. (3 × 1) (3)

2.5 Noem VYF dinge in die rekenaaromgewing wat jy in aanmerking moet neem wanneer jy ‘n persoonlike rekenaar opstel. (5 × 1) (5)

2.6 Waarvoor staan die akroniem LDT (‘LPT’ in Engels)? (1)

[25]

VRAAG 3

3.1 Gebruik jou eie woorde om die volgende terme te definieer:

3.1.1 Gebruikerkoppelvlak

3.1.2 ‘n Venster

(2 × 2) (4)

3.2 Verduidelik wat met die *pasmaking van ‘n lessenaarrekenaar (‘desktop customisation’)* bedoel word. (3 × 1) (3)

3.3 ‘n Manier om jou rekenaar te pasmaak is deur die ikone te sleep en los (‘drag-and-drop’) na waarheen jy hulle ook al op die skerm wil hê.

Verduidelik *sleep-en-los* kortliks. (3 × 1) (3)

3.4 Een van die rekenaarinstandhoudingsprogramme word skyfskoonmaak genoem. Hierdie program stel skyfspasie beskikbaar deur te soek vir lêers wat met veiligheid uitgevee kan word.

Noem VYF tipes skyfskoonmaaktake wat uitgevoer word wanneer hierdie program gekies word. (5 × 1) (5)

3.5 Verduidelik kortliks wat om te doen wanneer jou rekenaar die volgende boodskappe gee:

3.5.1 Foutboodskap: Ongeldige stelselskyf (‘Error message: Invalid system disk’)

3.5.2 Foutboodskap: Hierdie program het ‘n onwettige bewerking uitgevoer en sal afgesluit word. (‘Error message: This program has performed an illegal operation and will be shut down.’) (2 × 2) (4)

3.6 Verduidelik die verskil tussen *bottelnek* en *staking (‘bottleneck* and *stalling’)*. (2 × 2) (4)

3.7 Verduidelik wat jy sal doen om ‘n rekenaar wat stadig is, reg te maak. (2 × 1) (2)
[25]

VRAAG 4

4.1 In teenstelling met handgeskewe of getikte dokumente, kan dokumente wat met ‘n woordverwerker geskep is, hersien word sonder om die hele dokument te moet oorskryf.

Verduidelik kortliks wat ‘n *woordverwerker* is. (4 × 1) (4)

4.2 Verduidelik wat die ‘Help’-oortjie in MSWord doen. (2 x 1) (2)

4.3 *Sum, Average, Max, Min* is die basiese voorafgedefinieerde funksies in die toepassing van ‘n spreibladformule.

Verduidelik wat elk van hierdie funksies beteken. (4 × 1) (4)
[10]

VRAAG 5

5.1 Internetverbindings verskil nogal heelwat met betrekking tot die verbindingswyses. (4)

Noem VIER maniere om aan die internet te verbind. (4 × 1)

5.2 Waarvoor staan die akroniem *e-pos?* (1)

5.3 Gee DRIE nadele daarvan om e-pos te gebruik. (3 × 1) (3)

5.4 ‘n Skyfievertoning word gebruik om jou skyfies aan jou gehoor op ‘n skerm te vertoon.

5.4.1 Watter sleutel druk jy om na die skyfievertoning te kyk? (1)

5.4.2 Watter sleutel druk jy om by die huidige skyfie te begin? (1)
[10]

TOTAAL: 100

Copyright reserved